

<http://www.republikein.com.na/politiek-en-nasionale/namibir-lei-nasa-se-nuwe-ruimtesending.81325.php>

10.3.2009

27.02.2009

Namibiër lei NASA se nuwe ruimtesending



NAMIBIË hou saam met een van sy grootste seuns asem op vir die komende Kepler-ruimtesending waarin 'n seun van Kaokoland, dr. Jakob (Japie) van Zyl (foto), 'n leidende figuur in dié geskiedkundige projek is. Die bekroonde dr. Van Zyl se vorige groot ruimteprojek was in Februarie 2000, toe die aarde twee keer binne elf dae driedimensioneel en digitaal vanaf die Endeavor-pendeltuig gekarteer is.

Die Namibiese boorling is tans die adjunkdirekteur van astronomie en fisika by die straal aandrywingslaboratorium (JPL) van die Amerikaanse ruimteagentskap, Nasa, in Pasadena, Kalifornië. Wanneer die wêreld sy oë op 5 Maart na die hemele rig in afwagting op wat Nasa met die Kepler-ruimtesending oor lewe soortgelyk aan die aarde op ander planete in die bewoonbare sones van sterre binne die Melkweg gaan vind, sal Namibië se bors van trots swel.

Die astronoom en fisikus wat sedert 2001 toe Nasa dié verkenningsprojek aangekondig het, onverpoosd aan die voorbereiding daarvan gewerk het, is niemand anders as Kaokoland se eie Japie van Zyl nie. Hoewel die beroemde ruimtewetenskaplike se nagraadse studies hom in 1982 reeds na Amerika geneem het, het hy in 2004 op besoek aan Namibië aan Republikein gesê in sy hart bly hy 'n boorling van die land met sy oop ruimtes.

'n Oproep eergisteraand deur sy vrou, Kalfie (ook van Outjo se wêreld), aan 'n ou skoolvriendin in Windhoek, het die groot afwagting vir die ruimtesending skielik tot binne in die voorhuise van Namibiërs gebring. Kalfie het gebel om hul Namibiese vriende te vra om asseblief al hul duime vas te hou dat die lansering op 5 Maart 'n sukses sal wees.



Haar oproep het gekom minute ná die Nasa-satelliet wat klimaatsverandering vanuit die ruimte sou bestudeer, op 24 Februarie in die Stille Oseaan naby Antartika neergestort het. Dié satelliet, bekend as die Wentelende Koolstofdioksied Observatorium, is Dinsdag gelanseer, maar weens 'n tegniese probleem kon dit nie van die vuurpyl loskom en die ruimte ingeskiet word nie. Dit het ná 'n kragtige ontploffing in die see beland.

Dr. Diane Ainsworth, hoof van die projek, is 'n goeie vriendin van dr. Van Zyl en sy vrou en die Van Zyl's het die Ainsworths al op 'n uitgebreide toer na Namibië gebring. Volgens 'n Windhoekse vriendin van die Van Zyls het dié gebeure eergister in Amerika die spanning oor die suksesvolle lansering van die Kepler-ruimtesending laat oplaai. "Kalfie het gebel om te vra dat ons klomp vriende hier in Namibië aan Japie moet dink.

Hy het reeds na die Kennedy-ruimtesentrum vertrek om die voorbereidings vir die lansering te tref en hy verkeer onder groot spanning. "As projekteier was hy die afgelope drie en 'n half jaar hiermee besig en hy het ongelooflik baie tyd en energie daaraan bestee," het 'n vriendin van hulle in Windhoek vertel. Tydens

die ruimtesending sal die Kepler-ruimteteleskoop sonnestelsels soos die aarde s'n betrag waar lewe dalk onderhou kan word.

Die hoogs gevorderde tegnologie van dié teleskoop wat 'n voortdurende vaste blik aanwend, sal die oorgang van planete verby die son soek. Dit geskied elke keer wanneer 'n planeet die lyn van die sig tussen die waarnemer en die planeet se moederster kruis.

“Die Kepler-sendingspan verwag om 640 planete soortgelyk aan die aarde te vind in die vier jaar lange monitor van 100 000 sterre soortgelyk aan ons son,” het dr. David Koch van Nasa se Ames-navorsingsentrum vroeër gesê. “As baie planete gevind word, kan lewe wydverspreid in ons sterrestelsel wees. As min gevind word, is lewe seldsaam of ons is dalk alleen.”

Ondanks verskeie pogings kon dr. Van Zyl nie gister op sy selfoon bereik word nie. Die Kepler-teleskoop is genoem na die Duits-Oostenrykse astronoom en wiskundige Johannes Kepler (1571- 1630), wat bekend is vir sy drie astronomie-wette wat die beweging van die planete beskryf.

'n Grafiese voorstelling van die Kepler-teleskoop waarmee dr. Japie van Zyl en sy span by Nasa se straal aandrywingslaboratorium na lewe op ander planete gaan soek. Voorstelling en foto: [www. nasa.gov](http://www.nasa.gov)

Ronelle Rademeyer